

SONDAG: 33

VRAAG EN ANTWOORD: 90

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Wat is die opstanding van die nuwe mens?			
Antwoord: Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus	1	Jesaja 57:15	Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbrysele en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseles.
		Romeine 5:1-2	Omdat ons dan uit die geloof geregtig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus; deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlijkheid van God.
		Romeine 14:17	Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.
en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe	2	Romeine 6:10-11	Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God. So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.
		Galasiërs 2:20	Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.